# Leef saam
## HUISGELOOF

## WELKOM

Vertel vir mekaar wat julle gunstelingliedjie is. Hoe laat hierdie liedjie jou voel?

Musiek en liedjies het nog altyd ’n baie belangrike rol in die samelewing gespeel. Liedjies wys baiekeer vir ons watter emosies ’n persoon of ’n groep ervaar, of dit vertel vir ons wat in die samelewing of in iemand se lewe aangaan.

Die Psalms in die Bybel is liedere of gedigte wat deur verskillende mense geskryf is om hulle eie gevoelens (emosies, worstelings, trauma) of dié van die gemeenskap te probeer vasvang. Julle gaan vandag Psalm 137 lees wat vertel van die hartseer wat die Israeliete in ballingskap beleef het.

## WONDER

Lees Psalm 137 saam.

Gesels saam:

- Dink julle in die Israeliete se skoene in. Julle word uit julle eie land weggeneem en moet nou in ’n vreemde land woon. Hoe dink julle het die Israeliete gevoel?
- Dink aan jou eie lewe. Waar het jy al so hartseer, kwaad of bang gevoel?
- Wat help jou in tye wanneer dit nie goed gaan nie?

## WEES

Trek ’n tydlyn vanaf 2000 tot by vandag op ’n skoon vel papier (A4). Watter groot gebeurtenisse het in daardie tyd in julle lewe plaasgevind? En in ons land? Kyk gerus op die internet.

Gesels saam:

- Kyk na julle tydlyn en gesels oor hoe die gebeurtenisse die land op verskillende vlakke beïnvloed het. Hoe het mense hierdie gebeurtenisse hanteer (goed en sleg)?
- Hoe het julle God beleef in die goeie én slegte tye in julle lewe?

## WEGSTUUR

Skryf saam ’n psalm as gebed. Herinner mekaar dat God in die goeie én slegte tye altyd by ons is en dat ons ons hartseer met Hom kan deel.